

Kategeet werkblad: 12 September 2010

Teksgedeelte:

Jesaja 5:1-30

Agtergrond:

(Uittreksels uit Bybelstudie deur Annene Mullins, Kobus Myburgh en Fanie Cronjé)

Jesaja 1 is 'n inleiding tot die hele boek. Jesaja 2-4 vertel van God se pad met sy volk in verskillende tye en hulle ongehoorsaamheid aan Hom. Jesaja 5 is die begin van nuwe 'n afdeling in die boek wat met Jesaja 10 eindig. Hierdie hoofstuk begin met 'n liefdeslied en die beskrywing van 'n wingerd.

Vers 1 begin met 'n baie kort liefdeslied. Jesaja is hier aan die woord. Hy sing oor die Here, my beminde. Dit is 'n baie intieme verhouding. Jesaja weet die Here het hom lief! Jesaja sing ook oor Juda, die beminde se wingerd. Uit wat hierna volg, is dit duidelik dat Juda glad nie beseft hoe lief die Here hulle het nie. In vers 2 sê Jesaja hoeveel moeite die Here met sy wingerd gedoen het. Vers 2 eindig met 'n groot teleurstelling: Die uitsoeklote het suurdruwe gedra. Elke boer in Israel en Juda kon met die teleurstelling van hierdie boer (die beminde) identifiseer.

Vers 8 - 10

Die Hebreeuse woord wat met "wee" vertel word, het beide die bedoeling van 'n dreigement en 'n klaaglied. Hier is dus sprake van woede, maar ook hartseer.

Die eerste wee-uitspraak het dit oor mense wat hulle ekonomiese mag en sosiale posisie misbruik om ten koste van die ander grond in te palm. Daar is lede van die volk van die Here wat op allerlei onregmatige maniere die lede van die volk wat arm en/of sonder mag is (dink maar net aan die voorbeeld van Nabot se wingerd in 1 Konings 21) uitbuit en sodoende verder verarm. In 'n gemeenskap waar die mense oorwegend boere was en dus van die opbrengs van die land afhanklik was, het mense maklik in armoede verval. Gebrekkige reën, reën op die verkeerde tyd, plaas, stropers en ander soort teenspoed kon maklik daartoe aanleiding gee dat 'n boer in 'n betrokke seisoen nie voldoende opbrengs het om homself en sy afhanklikes te onderhou nie. Erger nog, dit kan hom in skuld dompel. Sulke mense was in 'n baie swak posisie en van die goeie gesindheid van ander afhanklik. In plaas van medelye met sulke mense te hê en hulle te ondersteun, sodat die gemeenskap as geheel bly oorleef of floreer, was daar volksgenote wat sulke mense uitgebuit en verneder het.

In vers 18 gaan dit oor dié wat willens en wetens die kwaad na hulle toe aantrek. Hulle is nié onskuldige toeskouers wat ongevraagd in die moeilikheid beland nie: '[Wee hulle wat die ongeregtigheid nader trek met koorde van goddeloosheid, en die sonde soos met wa-toue ...]' Onreg teenoor ander en minagting van God is waaruit hulle lewens bestaan. Ons praat hier nie van harde kriminele nie, maar die volk van God wat nie hulle heil by Hom nie, maar by hulle self soek. Hulle probeer self tussen reg en verkeerd onderskei. Hulle vra nie meer wat die Here sou doen nie. Nee, die teendeel is eerder waar.

In vers 19 gaan hulle sover om die Here te spot en uit te daag wanneer hulle smalend sê: '[...Laat hy gou maak, laat hy sy werk verhaas, dat ons dit kan sien! En laat dit nader kom deur te kom die raad van die Heilige van Israel sodat ons dit kan ken!]' Hulle kennis van God is só beperk dat in plaas daarvan om verwonderd oor Hom wees, bespot hulle Hom. Hulle daag Hom uit om Homself vinniger aan hulle te bewys. Hulle is net soos die Fariseërs wat vir Jesus 'n teken vra net nadat Hy 'n man wat blind en stom was in hulle teenwoordigheid genees het (Matt 12:22-38). Of soos die mense wat by die kruis verbygeloop het en met Jesus gespot het en gesê het Hy moet van die kruis afkom, dan sal hulle in Hom glo (Matt 27:39-42).

Verwagte uitkoms:

Die kern van die preek gaan om die regte dinge te doen vir die regte redes. Die volk was in hierdie gedeelte steeds betrokke by die kultiese gebruike om Jahwe te aanbid, maar hulle was eintlik meer op hulleself ingestel. Hulle het deelgeneem aan die godsdienstige gebruike, maar was eerder daarin vir hulle eie gewin as om aan God die eer te gee. God het nie hulle eer nodig om verheerlik te word nie, maar God word verheerlik deur dat hulle die regte dinge sou doen – vir die regte redes – God se eer!

Aksie:

Benodighede:

- Gekleurde balle
- Blindoeke
- Pryse (sjokolades)

Verdeel die groep in 2 spanne, indien daar nie genoeg kinders vir 2 spanne is nie kan 2 klasse teen mekaar deelneem.

Plaas die hupie balle in die middel van die twee spanne en verduidelik aan hulle dat binne 'n seker tyd wat gegee word, die span met die meeste balle in hulle besit die sjokolades wen.

Blindoek een van die spanne (dit gee die ander span 'n duidelike voordeel).

Moenie die volgende keuses aan die spanne bekend maak nie:

Die span wat die voordeel het, kan kies om ook geblinddoek te word (of dalk om 'n gelyke aantal blinddoeke as die geblinddoekte span te hê).

Na die sjokolades uitgedeel word, kan die wen span natuurlik ook kies om hulle sjokolades te deel.

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van

wat tydens die erediens gebeur het. Die vroe word gegee as 'n riglyn om by bg. Verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vroe gebruik. Gedeeltes in (hakkies) dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vroe:

- As jy 'n *theme song* vir hierdie speletjie moes kies, wat sou dit wees?
- Verduidelik, deur dit op te voer (of in 'n *instant/slow-mo replay*) wat gebeur het.

Hart vroe:

- Wat was vir julle onregverdig van hierdie speletjie?
- Wat het julle opgewonde gemaak van die speletjie?
- Waar het jy vantevore so gevoel, soos jy tydens die speletjie gevoel het?

Skoppens vroe:

- As jy die speletjie anders kon speel hoe sou dit wees?
- Hoe vergelyk hierdie speletjie met die gedeelte wat ons vandag uit Jesaja 5 gelees het?
- Noem 'n voorbeeld aan die groep van om die regte goed te doen vir die verkeerde redes? (Dalk soos om 'n ou tannie oor die pad te help, sodat jy eer en erkenning kan kry).
- Noem 'n voorbeeld aan die groep van om die regte goed te doen vir die regte redes? (Dalk soos om 'n ou tannie wat oor die pad wil loop met haar pakkies te help, vir geen ander rede as om haar te help nie).

Klawers vraag:

- Hoe het die volk van God die regte dinge gedoen vir die verkeerde redes? (Deur steeds godsdienstig te wees en die kultiese gebruike na te kom, maar onnadenkend op te tree en dit nie te doen om God te eer nie, maar bloot om raak gesien te word of *deur die motions te gaan*).
- Hoe kan ons as gemeente/gelowiges vandag die regte goed doen vir die regte redes? (Deur wat ons doen te doen asof ons dit vir God doen, deur Hom te verheerlik daarin wat ons doen).